# VOLKSTEM

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 3


### Persverklaring:

# DIE NUUTSTE FOEFIES

## "Volksraadverkiesingskommissie" en "Boere-Afrikaner Volksraad"

(Uitgereik deur Pieter de W van der Spuy, AVP-woordvoerder oor Justisie)

Die AVP het met verbasing kennis geneem van die sogenaamde "Volksraad Verkiesingskommissie" (VVK) en sy voortbrengsel, die sogenaamde "Boere-Afrikaner Volksraad", se oproep op "volksgenote" om opnuut by die VVK as "kiesers" te registreer. 'n Regdenkende Afrikaner sou dink dat dié instellings en hul meelopers na hulle bespotlike, maar verraderlike en mislukte poging om 'n volkstaatjie deur onderhandelinge met die Kommunistiese regime te beding, liewers stil-stil van die politieke toneel sou wou verdwyn. Maar wat wou! Volksgenote word nou weer opgevorder om as kiesers te registreer.

Dit sal hulle kwansuis bemagtig om op volksvergaderings leiding te gee nadat hulle leiers, heel voorspelbaar, misluk het om Zuma en die "internasionale gemeenskap" te oortuig om 'n stukkie grondgebied aan hulle af te staan. Moontlik beplan die VVK ook 'n tweede "verkiesing", aangesien die termyn van die "volksraadslede" – die wat nog oor is – waarskynlik reeds moes verstryk het.




Boonop maak hulle misbruik van die onlangse vlaag van wrede plaasmoorde om hierdie opportunistiese projek, gerig op die bevordering van eiebelang, op dreef te kry. Die AVP verwerp hierdie optrede en wys op die volgende.

Die doelstelling van die VVK in 2009 was die verkiesing van 'n verteenwoordigende volksraad vir sogenaamde Boere-Afrikaners om met die onwettige ANC/SAKP-regime te onderhandel vir 'n volkstaatjie.


In hierdie uitgawe......

Afrikaner Onderkruipers

Skille op die oë van Zille

Swart streep op aanspraak - HNP

Zuma - Grondroof

Dr Pieter Möller, 'n VVK-verkiesingsbeampte en destydse onderleier van die HNP, het voor die verkiesing gesê: "'n Paar honderdduisend Afrikaners sal geregistreer moet word (as kiesers). As dié doel nie behaal word nie, sal die plan doodgebore wees." (Die Afrikaner 17-23 April 2009) Na 'n geswoeg is slegs 34 532 mense geregistreer. Die VVK en die HNP het egter volhard met hulle selferkende doodgebore plan. Die verkiesing is in April 2011 gehou en 'n skamele 23 678 mense daag op by die stembus om die "verteenwoordigende" volksraad vir Boere-Afrikaners te verkies!



Hierna het hierdie wankelmoedige volksraad voortgestrompel met sy onbesonne plan en so gesorg vir een van die vernederendste insidente in die Afrikaner se geskiedenis. In 'n neutedop: Die Boere-Afrikaner Volksraad, onder leiding van die HNP-leier, Andries Breytenbach, het in gesprek getree met die Kommuniste wat op onregmatige wyse beheer van Blank Suid-Afrika bekom het. Waarom? Om te pleit, steunend op die ANC/SAKP Grondwet, vir die teruggawe van 'n stukkie van die grondgebied waarvan ons onregmatig ontneem is! En soos verwag kon word, is hierdie pleidooi koel, berekend en met minagting deur die Kommuniste van die tafel gevee. Wat 'n gebrek aan insig; wat 'n vernedering vir die Afrikaner!

Met hierdie optrede het Breytenbach en die "Boere-Afrikaner Volksraad" drie belangrike Afrikaner-nasionale beginselstandpunte van die moderne era verloën. Hulle is:

Afrikaner-nasionaliste is in verset teen en onderhandel nie met die ANC/SAKP-regime nie.
Afrikaner-nasionaliste sê dié land (dit wat voorheen bekend gestaan het as Blank Suid-Afrika) is ons land en basta met die idee van 'n "volkstaatjie".

Afrikaner-nasionaliste verwerp die regime se grondwet as illegitiem en soek nie hul heil daarin nie.

Bogemelde optrede het die naïwiteit, die gebrekkige politieke oordeel en die opportunisme van die VVK en die "Boere-Afrikaner Volksraad" ontbloot. Dit is duidelik dat die toekoms van die Afrikanervolk nie toe te vertrou is aan hierdie instellings nie. Die Afrikaner Volksparty versoek Afrikaners om nuwe foefies vanuit hierdie oord, hetsy volksvergaderings, gewysigde volkstaat voorstelle of nuwe VVK-registrasies en –verkiesings met beslistheid te verwerp.



Pieter van der Spuy

Die AVP glo daar is nie kort paaie in die politiek nie. Die AVP volg die koers soos aangedui deur 'n HF Verwoerd en 'n Jaap Marais en handhaaf die beginselstandpunte wat hierbo aangestip is.

17 Maart 2017

# AFRIKANER ONDERKRUIPERS MAAK JAKKALSDRAAIE

deur Danie Varkevisser

In 'n omsendbrief van Orania is daar twee artikels wat kommentaar verdien:

Beide Helen Zille van die DA en generaal Constand Viljoen wat die Afrikanervolk help onderwerp het aan 'n swart Kommunistiese rowerbende, maak nou benoude spronge, so asof hulle aan die blanke se kant geskaar is teen die chaos wat hulle help ontketen het.

Zille se kritiek teen diegene wat kolonialisme as net negatief afmaak, wat haar nou die argwaan van die swart predikant leier van die

DA op die hals gehaal het, is betekenisvol! Indien sy nog altyd bewus was dat die vestiging van die infrastruktuur waarna sy verwys deur die blankes tot stand gebring is, dan weet sy mos ook dat die verwaarlosing en uiteindelike vernietiging daarvan, soos sigbaar in Suid Afrika, se oorsprong by die oorgawe aan die swartes lê. Afrika was en is immers vandag nog die aanskouingsles daarvan!

Zille se DA beleid van integrasie. Die logiese afleiding wat hieruit gemaak word is dat die DA se politieke beleid ‘n geveinsde beleid is en nog altyd was. Die swart ras is bloot gebruik om die Afrikanervolk sy politieke mag te ontneem sodat die Nuwe Wêreld Orde se agenda ook in Suid Afrika glad kan verloop. Met apartheid het dit weinig indien enigiets te make. Binne die snelle verswarting van die DA word dit vir selfs die liberaalste blankes, soos Helen Zille, soos verwag en ook voorspel, nou onhoudbaar warm. Die deursigtige dun lagie vernis van verdraagsaamheid van swart teenoor blank, skuur vinnig af in ‘n veelrassige hiërargie waar getalle die norm is!




Ook in die geval van Constand Viljoen, wie se rol binne die weermag asook in die politiek, sy uiters bedenklike integriteit blootgelê het, is daar nou bekommernis oor die “onaanvaarbare ervaring met die unitêre staatsformule.” Ten spyte van sy erkenning dat die Afrikanervolk vanuit die staanspoor die volkstaatgedagte verwerp het, matig hy hom sowaar steeds die “status” aan om in sy ouderdom hom daarvoor te be-ywer. Of is dit dalk om op slinkse wyse sy waardigheid te probeer terugkry sonder om sy foute te erken en aan sy volk verskoning aan te bied?

Dat sy brief aan Orania se inhoud kastig krag verleen moet word deur ‘n “dr Klaus Baron Von der Roppe”, is waarskynlik net so bedenklik as die betrokkenheid van die Duitser Jurgen Kögl. Kögl wat saam met Constand Viljoen, sy DA tweelingbroer Braam Viljoen, Dries Bruwer van die TLU, dr. Piet Gouws van Vrystaatse Lanbou unie en ander “prominente” Afrikaners by die Idasa Komplot betrokke was. Ook die onderhandelings by ‘n duiweklub in Pretoria , byeenkomste wat aanvanklik heftig ontken is. Viljoen se beroep op Orania vir selfbeskikking van die Afrikaner, in die lig van sy verraderlike optrede in belang van die Afrikaner se vyande, is só pateties dat die feit dat hy daardeur ook ‘n streep trek deur die Afrikaner se reg op Suid Afrika, uit misnoeë, maklik misgekyk word. ‘n Jakkals verander van haar maar nie van snaar!

UITTREKSELS UIT DIE ORANIA NUUSBRIEF.

*Die Wes-Kaapse premier, Helen Zille, was onlangs in die sop oor ŉ twiet wat lui: “For those thinking colonialism was ONLY negative, think of our independent judiciary, transport infrastructure, piped water etc.”*

*Constand Viljoen: "Orania moet leiding neem met selfbeskikking"*

*Die voormalige weermagshoof, Generaal Constand Viljoen, het in `n skrywe aan die Orania Beweging gevra dat die organisasie die inisiatief moet neem om Afrikaner selfbeskikking te bevorder. Die skrywe was in reaksie op `n Duitse kennis van die generaal, Dr Klaus Baron Von der Roppe, wat in `n artikel sy steun aan Orania toegesê het. Generaal Viljoen sê dat daar `n dringende behoefte is om `n nuwe inisiatief te neem ten opsigte van selfbeskikking. "Soos dit seker bekend is het ek deur middel van die Vryheidsfront tydens die 1994-onderhandelinge probeer om vir ons volk selfbeskikking eerder te beding as die staatsvoorstel van 'n unitêre staatseenheid. Dit was nie aanvaar nie vir vele redes onder andere omdat daar nie genoeg steun van binne ons volk daarvoor was nie. Na ek uitgetree het uit die politiek het die konsep al hoe meer vervaag en is van binne ons volk nie genoeg stoom ontwikkel nie en dit ten spyte van die onaanvaarbare ervaring met die unitêre staatsformule. My vriend uit Duitsland (Baron Von der Roppe) is 'n stoere*

*ondersteuner en toon groot belangstelling vir die idee van heroorweging van die Afrikanervolk en veral ook selfbeskikking. Sy vrees is dat hierdie strewe binne die volk sal kwyn as daar nie gou uit die volk groter druk kom nie. As ek jonger was sou ek self bereid gewees het om weer te help maar my gesondheid is na 'n konkussie-ongeluk nie sterk genoeg nie. Ons twee wil voorstel en ernstig vra of Orania kans sien om in ag genome ons volk se netelige posisie in die unitêre bedeling 'n nuwe inisiatief te begin om ons volk 'n nuwe entoesiasme vir selfbeskikking te laat groei," skryf Generaal Viljoen.*

# SKILLE OP DIE OË VAN ZILLE

*"Helen Zille's praise of colonialism is an expression of a fundamental belief by an arrogant and representative white mind." – Sowetan 27 Mar 2017.*



Dit is bloot 'n ongeskrewe wetmatigheid dat niemand so blind is as hy (of sy) wat nie wíl sien nie. In die geval van Zille word die naakte waarheid van rasverskil en die latente onheil wat daarin verskuil lê, "onverwags" op haar uitgestort!

Ek sê onverwags omdat Zille se verwronge politieke begrip geen ruimte laat vir rasionele en logiese beoordeling van wat sigbaar en hoorbaar besig is om in Suid Afrika te gebeur nie. Uit die gesigspunt van 'n redelike mens het sy mos absoluut niks verkeerds kwytgeraak nie! Dit is egter die "redelikheid" van die swart ras wat nou aan die orde kom.

> Western Cape Premier Zille came under fire recently when she tweeted that colonialism was not all bad.
>
> *"Getting on to an aeroplane now and won't get on to the wi-fi so that I can cut off those who think every aspect of colonial legacy was bad,"* she tweeted.

Om die waarheid te sê is dit mos onbetwisbaar waar dat kolonialisme nie net negatief was nie. Dat daarmee saam ontwikkeling, beskawing, beskerming, wet en orde, ens. gekom het.

Dit was A.T. Culwick in 'n beskrywing van hoe Suid Afrika voor 1652 gelyk het, wat Helen Zille se stelling bevestig toe hy geskryf het:

*"This was a land without a wheel, a lamp, a match to light a fire, without a book, a pencil or a pen, without a blanket. None could make a button, or a buttonhole to fasten his skins about him in the wind.*

*Superstition, pestilence and famine stalked the land and ruled men`s lives. War raiding were unending. Life was very cheap.*

*Who changed it? Who brought peace and progress, education and the modern arts of healing, the written word and computation, commerce, coinage, banking, credit, transport, towns and cities, ships and harbors, power, intensive agriculture, enough to eat?*

*Who brought law and order, security of life and property, respect for other tribes and races?*

*Those who brought a thousand benefits must themselves maintain and guard them. NONE OTHER CAN!"*



Te oordeel aan die huidige toestand van verval, was Culwick se oordeel suiwer in teenstelling met dié van Zille en haar bondgenote wat nou ín hulle "politieke korrekte" nie-rassigheid slae kry en nog gaan kry!

As Zille nie die onverdraagsaamheid van die swart ras teenoor sy blanke weldoener uit moedswillig wou erken nie, sal sy dit sekerlik darem nou begryp? Die waarde van die die DA en Zille se liberale kortsigtigheid mag dalk ook vir ander blanke politieke agtergeblewenes, wie se ore en oë horende doof en siende blind gepreek is, nou stadigaan die skille laat afval! Vir die blankes wat dink dat hulle kan bydra om hierdie rasgemengde "democracy" te laat slaag, wag daar 'n verrassing. Nie eens die kreet van: "I'm English, I'm English", sal jou red nie en was al beproef sonder sukses!

Dit was wyle mnr. Jaap Marais wat voorspel het dat die blankes in hierdie land in die toekoms bymekaar gedwing gaan word, of hulle bymekaar wil wees of nie! Die motivering daarvoor is duidelik sigbaar in die al swarter wordende DA!

# DIE AGTERUITGANG IS 'N OPENLIKE GETUIENIS

*deur Hannes Ollewagen     Jesaja 22:1-14*

"En in dié dag roep die Here, die HERE van die leërskare, tot geween en tot rouklag en tot kaalskering en tot omgording van die roukleed; maar kyk, daar is vreugde en vrolikheid, beeste word doodgemaak en skape geslag, vleis geëet en wyn gedrink, met die woorde: Laat ons eet en drink, want môre sterf ons." (:12&13).

Die Godspraak oor die ligsinnige Jerusalem – laasgenoemde die stad van Dawid wat God vir Hom as woonplek gekies het in die dae van die Ou Testamentiese konings om midde Sy volk te woon. Hierdie uitverkore volk van God het Hom egter so mishaag met hul dade van ongeregtigheid en ongehoorsaamheid aan Hom dat Hy hul uiteindelik oorgelewer het aan 'n heidense oorheersing.

Ons as gelowiges glo dat die Bybel nie maar net 'n geskiedenisboek is wat kennis van die vroeër tye moet oordra nie. Ons glo inderdaad dat die Bybel die lewende Woord van God is en dat elke woord daarin ook vir ons in ons huidige omstandighede relevant is. Die situasie wat in verse 4 – 13 van die gelese gedeelte geskets word, is soos wat 'n mens kan verwag - 'n raak beskrywing van die situasie waarin die Afrikanervolk homself op hierdie stadium bevind.



Ons lees van die rumoer, die vertrapping, verwarring en die bedreiging teen die stad wat al hoe sterker aangroei, net soos dit die geval was met die inwoners van Jerusalem. Ons lees hierna hoedat planne beraam word en hoedat die skeure van die stad duidelik sigbaar word en hoedat daar selfs desperate maatreëls getref word om teen die dreigende onheil wal te gooi (en die huise breek julle af om die muur te versterk). Ewenwel kyk ons nie volkome na

Hom wat dit gedoen het nie, en Hom wat dit lankal beskik het, sien ons mense nie raak nie.

Terwyl die Here roep na ‘n volk om homself in geween en rouklag oor sy ongeregtighede voor Hom te verootmoedig, is daar vreugde en vrolikheid in plaas van ‘n ootmoedige bekering. Ons sien met ons eie oë hoedat mense byna waansinnig jaag na genot en vermaak om soveel as moontlik daarvan te kry, want hulle besef dat die uurglas leegloop! Is dit nie ‘n tipiese gesindheid van “laat ons eet en drink, want môre sterf ons” nie?



Dit is wel interessant om te sien dat namate die wekroepe om ware verootmoediging voor God vermeerder, die angswekkende gejaag na nietigheid onder die goddelose ook vererger. Dit is tog duidelik dat die ware wekroepe tot God om hulp, om ingrype in die goddeloosheid, weliswaar ‘n angswekkende gevolg op die goddelose het al sou hulle dit ten alle koste ontken. Ons moet ook nie verbaas wees sou daar skielik allerhande biddae ontstaan nie, want die satan is meesterlik in die taktiek van nabootsing en sal ook “verootmoediging” naboots om mense van ware bekering te weerhou. Dit was Martin Luther wat tereg opgemerk het dat daar waar God ‘n kerk stig, die Satan ‘n kapel langsaan sal oprig.

Laat ons dit dan vanoggend in geen onduidelike taal stel nie. God laat Hom nie bespotlik maak nie. Hy sal onder geen omstandighede met die ongeregtigheid versoen nie, nog sal Hy te vinde wees vir een of ander kitsoplossing (“quick fix”) wat ons aan Hom sal probeer voorhou. Hy stel dit onomwonde in Sy Woord dat daar geen verlossing sonder bekering is nie. “KYK, die hand van die HERE is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregtighede het ‘n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.” (Jes. 59:1&2).

Nou sal u vir my vra: “Is dit vir jou lekker om gedurig vir die Afrikaner te vertel hoe sondig en sleg hy is?” Allermins is dit aangenaam om ‘n boodskap van oordeel en straf te verkondig, maar die Woord getuig openlik teen ons volk! Wat vir my nóg swaarder sal wees as om ‘n harde boodskap te bring, sou wees om die oordeel in vers 14 van die gelese gedeelte te sien in vervulling gaan oor ‘n volk waarvoor ek innig lief is. “Maar die HERE van die leërskare het Hom in my ore geopenbaar en gesê: Waarlik, hierdie ongeregtigheid word vir julle nie versoen totdat julle sterwe nie! sê die Here, die HERE van die leërskare.” (:14).

God roep nie tot ons om hier-en-daar ‘n biddag te hou wanneer ons graangewasse vrek en ons diere van die honger omkom as gevolg van droogte en dan maar net soos voorheen in ongeregtigheid voort te ploeter wanneer Hy uit genade verligting daaruit skenk nie. Hy roep ons nie tot ‘n lewe waarin ons Hom gedurig sal uittart met ‘n geveinsde aanbiddingskultuur om alewig net ons sin te kry en dan weer in ongeregtigheid te verval nie.

God roep ons tot ‘n lewe van ootmoed voor Hom. Hy roep ons tot ‘n lewe waarin ons onsself afsonder van die ongeregtigheid van hierdie wêreld wat deur sonde verdorwe is. Hy roep ons tot Hom om ons ongeregtigheid in eerlikheid voor Hom te bely, maar ook om dit dan te laat staan en nie daartoe terug te keer nie. Hy roep ons tot diens om die ongeregtigheid teen te staan en Hom gehoorsaam te wees in plaas daarvan om Hom gedurig voor te skryf hoe Hy veronderstel is om na ons pype te dans of om verskonings op te dis oor waarom ons nie Sy gebooie kan nakom nie en Hom daardeur vereer nie.

Geliefdes, wanneer ons met oop oë na die realiteit van die wêreld rondom ons kyk, sal

ons dalk besef dat die nag al vêr gevorder het. Wanneer hierdie besef tot ons deurdring, sal ons dalk opslag die nood begin ervaar om laer te trek en te verenig teen die dreigende gevaar wat weer die volgende ontnugtering sal teweegbring - maar waarheen?! Die antwoord is eenvoudig – laat vaar die gedagte van ‘n geografiese saamtrek om onsself te beskerm, maar nie die gedagte om weerbaar te raak nie.

Dit is tyd dat ons onder leiding van die Woord in die gees sal verenig omdat ons hierdeur ‘n groter weerstand teen die mag van die Bose sal kan bied in die stryd waarin ons tans gewikkel is as wat ons dalk op hierdie stadium besef. “Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.” (Efés. 6:12).

Die regte wapenrustig alleen is egter nie genoegsaam nie – die regte leiding daarmee saam is onontbeerlik. Kom ons maak nie dieselfde fout as Israel van oudsher deur nie die oog op Hom te rig om as ons Leidsman in hierdie tyd op te tree nie, want dit sal vir ons presies dieselfde katastrofiese gevolge inhou.

# SWART STREEP DEUR DIE AANSPRAAK VAN DIE AFRIKANERVOLK

deur Johan Theunissen

**Andries Breytenbach en die HNP se versaking van die beginselpad van Jaap Marais**

In die uitgawe van 6 Februarie 2017 van die Bittereinder, wat deur die inligtingsdiens van die HNP uitgegee word, trek die leier van die HNP mnr Andries Breytenbach ‘n dik en ondubbelsinnige swart streep deur die historiese aanspraak van die Afrikanervolk op die Republiek van Suid-Afrika.

In die stuk bevestig hy dat hy, en daarom ook die HNP waarvan hy die leier is, die Afrikaner se vryheidsideaal reduseer het tot ‘n volkstaat of ‘n aantal volkstaatjies onder die jurisdiksie van die marksisties-kommunistiese ANC regering wat illegitiem die bewind oor ons volk voer. Mnr Breytenbach het die kuns van “dubbelspraak” vervolmaak, soos wat blyk uit die genoemde inligtingsstuk en ook sy bedenklike betrokkenheid oor ‘n aantal jare by die Boere-Afrikanervolksraad en hulle mislukte pogings om onafhanklikheid vir die Afrikanervolk by hierdie illegitieme regering te probeer afpleit.

Aan die een kant maak hy die stelling dat die HNP sê: “Die land is ons land” en motiveer hy dit deur te sê dat die swart volkere se historiese gebiede duidelik afgebaken was en dat die buitekante daarvan die blanke se land gedefinieer het. Aan die ander kant beweer hy dat wanneer daar oor die volk se vryheid gepraat word die vraag onstaan: ***“waar?”***, omdat daar nie duidelike grense aangetoon kan word nie.

Verder weet hy te vertel van *“…. ‘n Godgewilde roeping en bestemming vir die Boere-Afrikanervolk, selfs al weet ons nie nou waar en hoe die grense in die toekoms getrek sal word nie”*. Wil jy nou meer?. Diè land is ons land, maar nee jammer, ons weet eintlik nie waar ons land is nie.



Mnr Breytenbach weet duidelik nie waar diè land is waar hy sy kleim namens die Afrikanervolk wil afsteek is nie want hy het die onomkeerbaarheid van die illegitieme bestel wat sedert 1994 geld onteenseglik aanvaar soos wat blyk uit sy drogredenasies in hierdie stuk. Hy aanvaar sonder meer dat ons onvermydelik, permanent van ons land afstand gedoen het want sê hy: *“Ons dink nie ons kan weer die gesag oor die miljoene volksvreemdes in S.A. herwin en hulle uit die land verdryf nie. Wie wil in elk geval weer oor hulle regeer en die rekening daarvoor betaal”.* Die volkshelde uit die verlede, die

helde van Bloedrivier, die helde van die eerste en tweede vryheidsoorlog, die manne en vroue met wie se bloed die grond van hierdie land deurdrenk is – die ware bittereinders draai in hulle grafte om by die aanhoor van sulke papbroekige uitsprake. Die manne van moed en die groot intellektuele leiers uit die verlede van die Afrikanervolk, die Pres MT Steyn’s, die generaal de Wet’s, de la Rey’s en JBM Hertzog’s, die DF Malan’s, die JG Strijdom’s, die HF Verwoerd’s en Jaap Marais’s sou sekerlik hulle hande in afsku saamgeslaan het as hulle sulke ruggraatlose uitsprake moes hoor van persone wat hulleself voordoen as Afrikanerleiers.


> “Tye verander, ja, omstandighede verander, ja. Maar daar is beginsels wat nie saam of teen die horlosie loop nie. Afrikanernasionalisme se beginsels is tydloos: vaderland, volkskap, vryheid, heldedom.”
>
> – Jaap Marais

Mnr Jaap Marais het in kontras hiermee gesê: *“Wanneer ons sê: die land is ons land, is dit die historiese feite waarop dit rus. Ons het die land van niemand gesteel nie. Ons voorouers het in 1881 die Britse mag by Amajuba verslaan om hulle vryheid te herwin, en in 1899-1902 'n vryheidsoorlog teen die Britse met hulle barbaarse metodes geveg, omdat hulle vry van oorheersing wou wees. Daarna het Afrikanerleiers 60 jaar lank met politieke middels suksesvol geveg om weer vry te wees om Christen en Witmens en Afrikaner in hulle vaderland te wees. Ons is nie bereid om hierdie geskiedenis van heldhaftige stryd te laat uitwis deur 'n bloedlose verowering weens verraad wat agter 'n "demokratiese verkiesing" verberg word nie.Die Afrikaner het hierdie land in pag ontvang as die erfgoed wat aan sy kinders behoort. Die land het hy van geen Swarte gesteel nie: met al die erkende norme van besitreg het hy hierdie land syne gemaak. Dieland is gekoop, verower, aan die verwoesting ontworstel, met sweet en inisiatief ontwikkel en opgebou as sy vaderland.”* Mnr Marais sê verder: *“Die land is ons land. Ons sal weer ons vryheid verwerf, kom wat wil. Ons sal weer die onomkeerbare omkeer. As ons nie vir mekaar dit sê nie, is ons as Afrikanernasionaliste nie eerlik in hierdie stryd nie”.* Dit is die stem van ‘n ware bittereinder.

Mnr. Breytenbach skaar hom in die inligtingstuk by die Volkstaat gedagte, waarvolgens die Afrikanervolk by implikasie afstand doen van sy swaargewonne land en hom vestig in klein enklawes waar hy sogenaamd in meerderheidsgetalle gekonsentreerd is. Hy noem Orania en Kleinfontein (waar hy self woon) as voorbeelde van kerngebiede vir die vestiging van sy volkstaat en sê: *“Kleinfontein en Orania, waar doelgerig gewerk word om dit Afrikanertuistes te maak, gaan nie verdwyn nie, hulle word sterker en kan moontlik die kerne vorm van groter gebiede daaromheen”.*

So toon hy sy positiewe sentiment ten opsigte van die onhaalbare idee van ‘n volkstaat of volkstate as oplossing vir die Afrikanervolk se vryheidstrewe.

Dit is duidelik dat Breytenbach, en daarmee saam die HNP waarvan hy die leier is, die pad



Jaap Marais

wat Jaap Marais geloop het, verlaat het en daarmee saam die beginselbasis waarop Dr Verwoerd gestaan het versaak het, soos wat

nou reeds ‘n hele aantal jare uit hulle uitsprake en optredes blyk.

Mnr. Jaap Marais het by geleentheid die volgende gesê: *“Tye verander, ja, omstandighede verander, ja. Maar daar is beginsels wat nie saam of teen die horlosie loop nie. Afrikanernasionalisme se beginsels is tydloos: vaderland, volkskap, vryheid, heldedom.”*

**Die Afrikaner Volksparty sê:** Hierdie land is ons land. *“Ons skuld hom aan niemand nie, behalwe ons kinders en hulle kinders se kinders. (Jaap Marais)”* As ons dit sê dan bedoel ons dit want ons glo ook dat ons geroep is om hierdie versreël uit die Stem van Suid-Afrika gestand te doen – “Ons sal lewe ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika”.

**Hieronder is die inligtingstuk geskryf deur mnr Andries Breytenbach in**
**Die Bittereinder (1/2017) van 6 Februarie 2017:**

*Die Afrikanervolk se situasie stem ooreen met dié van die Oosgrensboere in die vroeë 1830’s, in soverre hulle besef het dat hulle nie deel was van die Britse nasie nie, en hulleself in ‘n eie staat wou regeer. Waar presies dit sou wees, het hulle nie geweet nie — net maar dat dit êrens in die onbesette binneland van Suid-Afrika sou wees. Aanvanklik het hulle hul hoop op Natal gevestig. Dit het die “offerland” geword waar soveel bloed vir die vryheid gevloei het en waar die gelofte wat ons volk vir alle tye sou bind, afgelê en beant-woord is. Nogtans het Transvaal geblyk F.A. Venter se “bedoelde land” te wees.*

*Onlangs het iemand gekla dat as sy met mense oor vryheid (ofte wel selfbeskikking) vir ons volk praat, is die eerste reaksie:* ***wáár?*** *en omdat daar nie duidelike grense aangetoon kan word nie, word die ideaal ook sommer as onhaalbare wensdenkery afgemaak.*

*“Die land is ons land!”, sê die HNP. Die swart volkere se historiese gebiede was duidelik afgebaken. Die buitekant van daardie grense het die Blanke land gedefinieer. Vir die miljoene swartes wat oor jare toegelaat is om hulle in ons land te vestig, is voorsiening gemaak om hulle aspirasies in hul tuislande uit te leef.*

*Ongelukkig, in 1983, het ‘n verloopte Afrikaner regering die blanke kiesers oorreed om in ‘n referendum toe te stem dat Kleurlinge en Indiërs medeseggenskap oor ons land kon kry. Die HNP-leiers het geweet wat dit beteken het: “Ons wou so graag aan julle ‘n Christelike Blanke Suid-Afrika nalaat. Miskien gebeur dit nog deur die Here se genade. Maar ons volk het op 2 November 1983 ‘n besluit geneem wat menslik gesproke op iets anders afstuur...” het mnr. Jaap Marais geskryf. Dit was onvermydelik dat dié medeseggenskap ook na die swart bevolking buite die tuislande sou uitbrei. Die res is geskiedenis.*

*Daar is steeds ‘n deel van ons volk wat glo in ‘n Godgewilde roeping en bestemming vir die Boere-Afrikanervolk, selfs al weet ons nie nou waar en hoe die grense in die toekoms getrek sal word nie.*

*Ons dink nie ons kan weer die gesag oor die miljoene volksvreemdes in S.A. herwin en hulle uit die land verdryf nie. Wie wil in elk geval weer oor hulle regeer en die rekening daarvoor betaal?*

*My antwoord op die vraag “****waar?****” is: dáár waar ons volk homself in die toekoms wíl regeer en sy gesag sal afdwing. Wanneer wet en orde in Suid-Afrika in duie stort en die huidige gesagsinstrumente nie meer hulle funksie kan vervul nie, sal die bur-gery self verantwoordelikheid vir sy veiligheid aanvaar en burgerlike gesagsliggame vorm wat binne grense wat hulle self sal afbaken, wet en orde sal handhaaf, belas-tings sal hef en dienste sal voorsien. Dan sal die huidige grondwet uitgedien wees en plek maak vir ‘n nuwe een, wat daardie grense sal erken. Dit sal die gebiede om-sluit waar ons in genoegsame getalle ge-konsentreer is om onssself te handhaaf.*

*Kleinfontein en Orania, waar doelgerig gewerk word om dit Afrikanertuistes te maak, gaan nie*

*verdwyn nie, hulle word sterker en kan moontlik die kerne vorm van groter gebiede daaromheen. Volksge-note het die afgelope 20 jaar in groot getalle na die Wes- en Suid-Kaap getrek om sodoende 'n sterk konsentrasie daar te vorm. Dan het ons nog nie eers van Wes-Transvaal en die Vrystaat gepraat nie...*

***Die land is inderdaad ons land, en óns sal bepaal wáár, nie die swartes nie.***

# DRIE SAKE WAT DIE POLITIEK TOENEMEND GAAN BEÏNVLOED

Deur Danie Varkevisser

Die eerste en mees veragtelike is die **toenemende moorde deur swartes op blankes** wat met al meer grusame gewelddadigheid gepaard gaan. Die regstelsel skrik die barbare wat die moorde en aanvalle pleeg geensins meer af nie, vandaar die toename in gewelddadigheid.

Hier is duidelik 'n tendens te bespeur wat die regime impliseer vanweë hulle traak-my-nie-agtigheid.



Wat daarmee saamgelees kan word is die kwessie van die hantering van vuurwapenlisensies. Die argument dat daar misdaad gepleeg word met gesteelde vuurwapens hou nie steek nie. Dit is egter 'n duidelike bewys van die regime se onvermoë, indien nie onwilligheid om die landsburgers teen geweldenaars en misdadigers te beskerm, wat ten grondslag lê aan die bewapening van die oortreders en die ontwapening van die wetsgehoorsames.

Miljarde verkwis - **Die tweede saak wat Suid Afrika al die titel van "Misdaad Mekka" van die wêreld** besorg het, is die onbeheersde korruptiewe optrede van amptenare van die regime wat Suid Afrika miljarde Rand per maand kos!

Die debakel rondom Sassa, (South African Social Security Agency) is net die oortjies van die seekoei.
*Ramokgopa wrote that Khoza, who chaired the committee, "will be remunerated at the level of a government DG being R2,430 an hour while all other members will be remunerated at the level of government DDG R2,145 an hour will a full day of 9 hours where more than 8 hours is worked".*

*SASSAGATE: CPS CONTRACT FIASCO JUST ONE SASSA WORM IN A CAN OF MANY. Marianne Thamm Daily Maverick - 15 March 2017*

*In July 2014 Raphaahle Ramokgopa, Sassa's executive Manager of Strategy and Small Business Development, wrote to Dumisile Ndlovu, General Manager for Supply Chain Management, informing him that "a blanket order was created last year for the Ministerial Advisory Committee on New Payment Model for Social Assistance Benefit. Each member was allocated R500,000 each for all claims to Sassa.*



Vyfhonderdduisend rand per maand! Bewys van die Freedom Charter se vinnige en onomkeerbare herverdeling van rykdom? Dit lyk egter eerder na die totale verplasing van rykdom!

**Die derde saak sal die skeiding tussen die ANC en sy jare lange vennoot in rewolusie, die SAKP wees**. Die toenemende kritiek van die kommuniste teen Zuma en die ANC, is niks anders as die onvermydelike kwessie van "Bloed is dikker as water" nie. Die beheer wat Zuma verkry het deur die getallepolitiek wat deur die NP van de Klerk en sy kabinet geskep is, het volgens die ongeskrewe wetmatigheid wat daaruit moes voortvloei, noodwendig die Nzimande's, Ramaphosa's, Mbeki's en andere uitgesluit en alle Zulus ingesluit!




Nzimande

SAKP en ANC oorhoops - Verhitting van politieke onverdraagsaamheid is reeds oral sigbaar in weerwil van al die liberaliste se ontkennings en uitsprake tot die teendeel.
Die oorlogspraatjies van Zuma en Malema en baie ander swartes wat op sosiale media dreig om die blankes se besit sonder vergoeding te vat, laat 'n onrustigheid wat noodwendig in woede sal omsit in die verdediging van swaarverdiende eiendom.

Eiendom waarvoor hard gewerk is wat nou deur "gewettigde" diefstal bedreig word! Daar bestaan geskrewe én ongeskrewe reëls wat 'n besitter van eiendom magtig om dit met sy lewe te verdedig!

## WITTES SE GROND MOET GEVAT WORD

Die gerugte en uitsprake in omloop dat blankes se grond gevat moet word sonder vergoeding, is nie sonder grondige oorsprong nie.

Dit was Malema wat Dinsdag 28 Februarie 2017 'n voorstel in die parlement ingedien het dat al die swartes moet saamstaan en die grondwet verander sodat blankes se grond sonder vergoeding afgeneem kan word.
Die ANC koukus het egter daarteen gestem wat beteken dat die meerderheid swartes in die parlement daartéén was. Die party waarvan Zuma die leier is, was dus daarteen.

Op 'n byeenkoms van tradisionele swart leiers, sê Zuma volgens Jan Gerber van Netwerk 24 op 3 Maart 2017, dat:

> ***"The black parties should unite on this issue. We cannot fight about nothing, It is now time for action."***

*The time for talking, writing and analysis is over," Zuma said. He said the principle of willing seller, willing buyer was not effective. "There are too many laws that deal with land reform, causing confusion and delays.*

*"You can claim land today, but only at the time when you're dead, your people will be given the land."*

Zuma said the principle of willing seller, willing buyer was not effective. "There are too many laws that deal with land reform, causing confusion and delays.

Dit is betekenisvol dat Zuma by die blankes die benadering van "dubbelsprakigheid" aangeleer het. Sê wat jy weet wat hulle wil hoor en doen dan iets anders wat by jou agenda pas.

Zuma voeg dan by: *"He said the government was looking at two "critical" steps. Firstly an "audit of pre-colonial land ownership" had to be done.*
*"Once the audit is completed, one law should be written so that we can handle land restitution without compensation. The necessary constitutional changes will be made. The black parties should unite on this issue."*


Daarmee koop hy tyd en vermy hy die onafwendbare konflik wat sal ontstaan wanneer swartes die blankes se besit begin teiken.




Wat egter vir ons Afrikanervolk hier van belang is, is dat dit vir ons ook tyd gun om gereed te wees om ons eiendom te verdedig wanneer die aasvoëls dit wil afneem, "wettig" of onwettig. Albei benaderings sal egter openlike diefstal wees. Beide Zuma en Malema se verklarings kom op 'n oorlogsverklaring neer en verleen momentum aan die bestaande oorlog van lae intensiteit waarin ons vasgevang is.

Die illegitieme wyse waarop daar beheer oor ons land bekom is, bring die ANC onwettig in beheer en word die grondwet en wette daarna almal onwettig, ongeag wat wie daaroor te sê het! Ons reg is om onsself en ons eiendom te verdedig op 'n wyse wat verband hou en ten minste in verhouding is met die aanslag op ons!

# BELOFTES MAAK SKULD FW?




Danie Varkevisser 083 460 3302

Francois Muller 083 460 6120

www.afrikanervolksparty.org